

## **Sing vooraf staande: Ps 29:1, 2 (p. 135)**

- 1 Eng'lemagte, loof die HEER, / gee die HERE sterkte en eer!  
Al die duisende tesaam – / sing die ere van sy Naam!  
Eng'le, trone, heerskappye – / laat dit opklink uit jul rye!  
Dien God, groot deur almagsdade, / in die skoonste feesgewade!
- 2 Dis sy stem wat, hooggedug, / rol en ratel deur die lug  
as die onweerstorme woed / bo die donker watervloed;  
en dit klink met groot vermoë / majesteitlik deur die boë;  
alles beef en staan verwonder / as die God der ere donder.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 148:1, 3 (p. 711)**

- 1 Loof uit die heemle, loof die HEER! / Loof in die hoogtes, sing sy eer!  
Loof, heil'ge eng'le, om sy troon, / die God wat in die hoogte woon!  
Loof almal saam, o leërmagte, / wat Hom omring as troue wagte!  
Loof, blink gesternte, maan en son: / Hy is van alle lig die bron.
- 3 Loof van die aard; die HEER se Naam, / o walvis, met die dieptes saam!  
Loof, sneeu en damp! Loof, vuur en hael / wat uit die onweershemel daal!  
Loof, wind wat aanstorm oor die velde / en bruisend ons sy woord kom melde!  
Loof, berg en bult, en boom en vrug, / en seders van die hoë lug!

## **Gebed**

### **Psalm 8:3, 4 (p. 31)**

- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!  
Met eer en heerlijkheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

**Skriflesing:** Genesis 1:1-2:4; Hebreërs 11:1-6; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 12

**Kernvers:** Hebreërs 11:1-3

**Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang. Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie. (Hebreërs 11:1-3 AFR53)**

## **Nederlandse Geloofsbelydenis**

### **Artikel 12: Die Skepping van Alle Dinge, veral van die Engele**

*Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgevind het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.*

*Sommige van die engele het uit die verhevenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en*

*staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is.*

*Soos moordenaars loer hulle op die kerk – ook op elke lidmaat – om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedriëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.*

*Jes 40:26; Matt 28:19; 1 Joh 5:15; Hand 5:3; 1 Kor 3:16; 6:11; Rom 8:9; Kol 1:16; 1 Tim 4:3; Heb 3:4; Open 4:11; 11:16; Heb 1:14; Ps 103:21; 34:8; Joh 8:44; 2 Pet 2:4; Luk 8:31; Matt 25:41; Hand 23:8; Matt 4.*

**Tema:** Slegs deur die geloof kan ons verstaan dat God die Skepper van alles is

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons het met die woorde van Artikel 1 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis begin om te bely dat ons in die enigste lewende God glo. In Artikel 2 bely ons dat God Homself op twee maniere aan ons bekend maak – deur middel van sy werke in die skepping en deur middel van sy Woord. In die daaropvolgende vyf artikels het ons bely wat ons aangaande die geskrewe Woord van God glo, aangesien dit vir ons Christene die belangrikste openbaring van die Here van Homself is. Die Bybel is immers die enigste geskrewe bron wat ons het oor wie God is en wat Hy doen. In Artikel 8 tot 11 het ons weer teruggekeer na God self – ons bely op grond van die Here se eie openbaring dat Hy 'n Drie-enige God is – Vader, Seun en Heilige Gees.

Hierdie belydenis van ons oor wie God is, lei logies na die volgende vraag: Wat doen God? In alle eerbied, God is nie 'n ornament iewers nie. Die afgode van die heidene is eintlik maar net passiewe ornamente – statiese beelde wat nie kan sien, kan hoor, kan praat of iets kan doen nie. Ons God is egter aktief werksaam. So maak Hy Homself immers bekend wanneer Hy die eerste keer sy Naam aan Moses gee. Moses wou by die Here weet hoe hy vir die Israeliete moet sê wie hom gestuur het om hulle uit Egipte uit te lei.

**Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.”** (Eksodus 3:14 AFR83)

Met hierdie Naam, *Ek is*, sê God dat Hy aktief by sy volk teenwoordig is om hulle te verlos op grond van sy eeue oue verbondsbelofte aan Abraham. Hy maak sy beloftes waar.

Maar ons leer die Here nie eerste ken as die Verlosser nie. Die eerste van God se werke waarmee ons kennis maak, is sy skeppingswerk. Ons almagtige, regverdige en volkome wyse God het die hemel en die aarde geskep. En nadat Hy geskep het, gaan Hy steeds aktief voort – Hy onderhou en regeer tot vandag toe nog sy hele skepping.

Dit is immers uit sy werke, soos wat die Heilige Gees dit vir ons in die Woord beskryf, dat ons God werklik leer ken. Ons hoor dit sommer in die hele eerste vers van die Bybel. Daar staan nie geskryf “Dit is God wat praat ...” nie. Ons God het nie nodig om Homself so aan ons bekend te stel nie. In Genesis 1:1 leer ons God nie ken as 'n stilstaande of sittende God nie, maar as God wat werk: **In die begin het God die hemel en die aarde geskep** (Genesis 1:1 AFR83). Met hierdie woorde stel die Heilige Gees dit onomwonde: God is die Skepper van die hemel en die aarde. Daarom bely ons: ***Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het.***

Met hierdie een sinnetjie het ons Christene onself blootgestel aan die venyn en gespot van mense wat nie die voorreg het om die Here te ken soos wat ons Hom al ken nie. Maar kom ons laat die Heilige Gees ons nou stelselmatig toerus sodat ons in staat kan wees om vir elkeen 'n antwoord te gee wat 'n verduideliking van ons eis oor die hoop wat in

ons lewe.

Laat ons eers net 'n oomblik stilstaan by die begrip *geloof*. In ons belydenis sê ons: ***Ons glo dat die Vader ... die hemel en die aarde uit niks geskep het.*** Die spotters wat nie wil aanvaar dat die hemel en die aarde tot stand gekom het soos wat ons dit bely nie, sal by ons wil weet wat ons met die woord *glo* bedoel.

Wanneer daar in ons Kategismus vir ons gevra word: ***Wat is 'n ware geloof?*** Dan antwoord ons: ***'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue, wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit loutere genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, geskenk het.*** Geloof is dus vertroue en kennis, en dit is twee sake wat uiters noodsaaklik is in alle persoonlike verhoudings.

Indien 'n mens iemand nie vertrou nie, sal jy versigtig wees om te naby aan so iemand te kom. Jy sal ook nie sommer iets persoonlik van jou met so 'n mens deel nie. En jy sal ook nie iets persoonlik wat so iemand met jou deel sommer net aanvaar nie, want jy vertrou die mens nie. Die fondament van vertroue is waarheid. Dit is tog logies dat 'n mens iemand wat lieg en bedrieg nie sal vertrou nie. As die waarheid in 'n verhouding ontbreek, kan vertroue nie groei nie. As die waarheid in 'n verhouding verdraai word, word vertroue stelselmatig en stukkie vir stukkie weggesny. En die waarheid word gedra deur liefde. Wanneer 'n mens die waarheid in 'n verhouding uitspreek, doen jy dit so dat dit tot die beste voordeel van die ander persoon is. Natuurlik is die beste voordeel vir elke mens om omvorm te word na die beeld van Christus toe. Maar wanneer die liefde aangeplak word om die leuen na 'n waarheid te laat lyk, sal die vertroue in die verhouding weggekalwe word.

Vertroue wat deur die waarheid en liefde ondersteun word, is nie net in ons verhouding met ander mense belangrik nie, dit is ook van toepassing op ons verhouding met God. Vertroue is die basis van ons verhouding met God. Ons leer God in sy Woord ken as heilig, regverdig, volkome wys en goed. By Hom is daar nie bedrog of leuens of verskuilde agendas nie. Wanneer Hy praat, praat Hy die waarheid. God het belowe om die mense van hulle sonde te verlos en Hy het dit gedoen. Die belofte wat Hy in die paradys gemaak het aan die eerste man en vrou het Hy in Jesus Christus waar gemaak. Alhoewel die Satan vir Jesus aan die hakskeen gebyt het, het Christus sy kop vermorsel. Sy baasspelery oor die mense wat God uitgekies het, is vernietig. Omdat die Heilige Gees ons daarvan oortuig dat die Here regtig die waarheid in sy Woord praat, kan ons Hom vertrou.

Wanneer ons egter die waarheid van die Here se Woord betwyfel, dan vertrou ons Hom nie meer nie. En as jy die Here nie vertrou nie, noem jy Hom 'n leuenaar. Vertroue word mos deur die waarheid ondersteun. Daar is mos ook dinge wat die Here vir ons sê wat ons moeilik aanvaar. Hy konfronteer ons byvoorbeeld oor ons sondes waarmee ons nog aanhou, omdat Hy ons verlos het van die heerskappy van die duiwel. En as Hy ons konfronteer oor ons sondes doen Hy dit in liefde, want Hy wil ons nie met enigiemand anders deel nie. Hy het immers ons duur gekoop met die bloed van sy Seun. Daarom gebruik Hy ook soms beproewings in ons lewens sodat ons kan insien dat ons van die sonde ontslae moet raak waaraan ons so hardnekkig vasklou.

Midde in daardie beproewings kan ons steeds vertrou dat die Here ons liefhet. Hy beskik juis die beproewing oor ons omdat Hy ons wil omvorm tot die beeld van sy Seun. Alhoewel die Satan se heerskappy oor die uitverkorenes verbreek is, beteken dit nie dat hy die uitverkorenes gaan uitlos nie. Dit is gewoonlik tydens beproewings wat die duiwel ons wil wysmaak dat God ons nie meer liefhet nie en daarom kry ons swaar in die beproewing. En as die vyand eers reggekry het om ons te laat twyfel aan die liefde van God, begin ons vertroue op die Here wegsterf. Daarom gebeur dit dat gelowiges ongehoorsaam word aan die Here, want hoekom sal 'n mens iemand gehoorsaam oor wie

se  
jy twyfel.

liefde

en

waarheid

Geloof en om te glo, is dus om God te vertrou omdat Hy die waarheid praat en ons liefhet. Geloof is die mens se reaksie op wat die Here sê en doen. Geloof neem die waarheid van die Here se Woord ernstig op. Geloof stem nie maar net saam met die Bybel nie; geloof bring die mens in aksie oor wat die Here sê en doen.

Luister weer hoe het die Heilige Gees dit vir ons neergeskryf.

**Die geloof dan is 'n vaste vertrou op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.** (Hebreërs 11:1 AFR53)

Geloof is die verkyker of teleskoop wat die Heilige Gees vir ons gee om in die toekoms in te sien. Ons vertrou nie net omdat ons die dinge rondom ons met ons oë hier kan sien nie. Dit wil sê, ons vertrou – ons weet hulle bestaan – want ons sien dit. Met die geloofs-teleskoop werk die Heilige Gees in ons die vaste vertrou op die dinge wat ons hoop.

As gelowiges leef ons nie net vir die oomblik van nou nie. Ons weet die lewe is baie meer as wat ons nou van die onmiddellike en tydelike dinge kan geniet. Ons lewe is maar net 'n pelgrimstog. Ons is op pad na iets wat groter en meer is as hierdie lewe. Die dinge wat ons hoop is om finaal verlos te wees van ons sondes, om ewig te mag lewe, om saam met Christus op die nuwe aarde te mag lewe, en om nooit weer sonde te doen nie. Ons het 'n vaste vertrou op hierdie dinge omdat God vir ons gesê het dit is waarheen Hy met ons op pad is. Daarom verkies ons om eerder hierdie Woord van God te glo as die karige beloftes van kortstondige vreugdes van hierdie wêreld.

Dit sou egter verkeerd wees om nou hieruit af te lei dat die gelowiges so op die toekoms fokus dat hulle alle belangstelling in die teenswoordige tyd verloor het. Intendeel, die gelowige kyk met groter belangstelling na die dinge in die teenswoordige tyd as wat die ongelowiges daarna kyk. Die mens sonder 'n vaste vertrou op die toekoms aanvaar die dinge van nou somer net soos hulle is.

Byvoorbeeld, as iemand wat nie glo nie nou 'n groot klomp geld kry, neem hy somer dadelik aan dit is vir hom om te gebruik. As hy 'n geleentheid vir seksuele plesier teëkom, gryp hy dit aan, sonder om na te dink oor watter invloed dit op sy lewe gaan hê en of hy ander mense daardeur gaan benadeel.

Die gelowige wat egter oortuig is van die dinge wat hy nie sien nie, evalueer die dinge van die teenswoordige tyd. So 'n mens vra homself af hoe hierdie dinge van nou bruikbaar kan wees op die pad waarmee die Here hom na die toekoms lei. Dit gaan dus nie net oor die situasie van nou nie, maar oor watter invloed hierdie situasie op die Here se toekoms met hom gaan hê.

**Want daardeur het die mense van ou tyd getuienis ontvang.** (Hebreërs 11:2 AFR53)

Met ander woorde, die mense van die ou tyd het deur hierdie vaste vertrou op die dinge wat hulle hoop, gekry wat die meeste saak maak in hierdie lewe, en dit is om God tevrede te stel. Op die een of ander manier het die Here hierdie mense laat verstaan dat hulle dit goedgevind het dat hulle so geglo het. Abel het die sekerheid gekry dat God sy offers aangeneem het. Henog is deur God weggeneem sonder dat hy gesterf het. Abraham het God se belofte oor die ontelbare groot nageslag geglo en God het hom dit tot geregtigheid gereken.

**Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag** (Hebreërs 11:6 AFR53).

Die grootste ding wat die gelowige in sy lewe wil bereik, is om God tevrede te stel. Gelowiges wil nie die guns van mense wen nie, want dit is gevaarlik. Die gelowige wil God tevrede stel deurdat hy God se wil gedoen het, naamlik om die Here te vertrou oor wat Hy gesê en gedoen het.

Geliefdes, noudat ons weet wat geloof beteken en wat dit in ons gelowiges veroorsaak, kan ons terugkom na ons belydenis toe. **Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgevind het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het.** Ons bely hierdie woorde op grond van wat die Heilige Gees vir ons sê:

**Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.**

(Hebreërs 11:3 AFR53)

Met hierdie woorde roep die Heilige Gees die openbaring in Genesis 1 vir ons op.

As ons bely dat God die hemel en die aarde geskep het omdat Hy vir ons so sê, is die spotters vinnig by en vra smalend: Hoe het God alles geskep wat ons kan sien? En nog voordat ons kan antwoord, is die mens sonder geloof gou met 'n antwoord gereed. En die antwoorde wat hulle gee klink soms so logies. Ons noem net enkeles. Die dae in Genesis 1 kon nie 24-uurdae wees nie, maar moet eerder verstaan word as tydperke waarin God alles deur middel van evolusie laat ontwikkel het. Hulle meen ook dat daar tussen Genesis 1:1 en vers 3 'n baie lang tydperk verbygegaan het. Nadat God die aarde geskep het, het Hy dit laat ontwikkel en toe het Hy dit in een week georganiseer en bewoonbaar gemaak. Nog 'n ander een kom en sê dat Genesis 1 poësie is en daarom kan dit nie letterlik verstaan word nie. Die antwoord op die vraag oor hoe alles tot stand gekom het, is volgend hierdie mens 'n studie vir die wetenskaplikes, want die Bybel beantwoord nie die vraag nie.

Die enigste gevolgtrekking wat 'n mens uit hierdie sogenaamde antwoorde kan aflei, is dat die mens sonder geloof meen dat daar nie 'n God kan wees wat geskep het soos wat dit in Genesis 1 vertel word nie. Indien daar so 'n God is wat so kon skep soos wat dit beskryf word, is dit noodsaaklik dat hierdie God erken en aanbid moet word. Dit is tog die enigste logiese gevolgtrekking wanneer 'n mens Genesis 1 letterlik lees. Maar as God bestaan, ons almagtige, regverdige God, beteken dit dat die mens nie meer die vryheid het om sy eie reëls te maak waarvolgens hy wil lewe nie. Dit gaan dus vir hierdie mense wat oor die skepping allerhande teorieë het, nie regtig oor hoe alles ontstaan het nie. Hulle soek maar net allerhande maniere om God uit die hele prentjie uit te kry, want die mens wil sy eie baas wees.

Geliefdes, daar is egter tog wetenskaplikes wat begin twyfel oor die hele proses van evolusie. Uit hulle ondersoek van die skepping kom hulle agter hoe kompleks en fyn verweef die hele skepping is. Hierdie wetenskaplikes kom darem so ver om te beseef dat die hele skepping deur 'n intelligente ontwerper saamgestel is, maar hulle wil nog nie sover kom om te erken dat dit God is nie.

Dit is waar, ons gelowiges kan ook nie bewyse lewer oor hoe God geskep het nie. Die skepping kan nie wetenskaplik bewys word nie. Net so kan die verlossingswerk van Jesus Christus ook nie wetenskaplik bewys word nie. Maar ons glo dit omdat God so sê en ons beleef die herskeppingswerk van die Heilige Gees binne-in ons op grond van Christus se werk.

Net so wanneer dit kom by die skepping:

**Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.** (Hebreërs 11:3 AFR53)

Ons mense is ook produk van die skeppingswerk van die Here. Daarom is dit onmoontlik dat die skepsel met sy geskape verstand sy Skepper aan eksperimente kan onderwerp om onweerlegbare bewyse te lewer dat Genesis 1 waar is. Ons glo dit eenvoudig omdat God so sê. En in ons belydenis verneder ons onself voor hierdie God wat Homself in sy werke so aan ons openbaar.

Ons God is almagtig. Hy het die wêreld deur sy woord toeberei. Hy het net die bevel gegee en waar daar vroeër niks was nie, geen hemel of aarde nie, is dit oombliklik daar. Die engele is getuies toe

God die lig te voorskyn geroep het. Hulle het gesien hoe God elke ding wat ons kan sien, geskep het en hulle het gejuig en gejubil. Tussen die engele en ons is daar 'n groot verskil. Hulle het gesien toe God geskep het. Ons sien net die resultate van God se skeppingswerk. Maar selfs dit laat ons in verwondering en aanbidding juig en jubel. Daar is werklik geen God soos ons God nie. Hy gee net die bevel en waar daar vroeër niks was nie, verskyn dit wat Hy beveel het.

Voor die skepping van alles het God alleen bestaan – die Vader, die Seun en die Heilige Gees. En Hy het aan niks behoefte gehad nie. Maar waarom het Hy dan geskep, kan daar gevra word. Die Here gee self die antwoord op hierdie vraag.

**Elkeen wat na my Naam genoem word, elkeen wat Ek geskep het tot my eer, wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het (Jesaja 43:7 AFR83).**

En ook: **Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep (Openbaring 4:11 AFR83).**

So bely ons dit ook: ***Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien.*** Alles is geskep om God te prys.

En in hierdie skepping is daar 'n volmaakte struktuur. Van die eerste dag tot op die sesde dag skep God die lig, die droë grond, die visse, al die diere en voëls, die son en maan en sterre. Die hele verhoog word gereedgemaak vir die hoofkarakter in God se skepping, die hoofsanger in die skeppingskoor – die mens. Die mens is die hoogtepunt van God se skeppingswerk. Tot vandag toe is dit so. ***Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.*** Hoe dwaas is dit dan van die mens om voor 'n ander skepsel te buig en dit te wil aanbid. Die ganse skepping is ten bate van die mens deur God daargestel sodat die mens sy God kan dien.

Selfs die leer oor die skepping, soos wat die Heilige Gees dit vir ons beskryf, is ten bate van die mens. Wanneer ons benoud raak oor die omstandighede wat oor ons gekom het en dink dat die Here ons sou vergeet het, is dit die Heilige Gees wat ons met hierdie woorde troos:

**Waarom sê jy dan, Jakob, waarom kla jy, Israel: “Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby”? Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik. Hy gee vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie (Jesaja 40:27-29 AFR83).**

Dit is juis omdat ons God die almagtige Skepper van hemel en aarde is dat ons gelowiges nog in 'n land soos Suid-Afrika wil woon. Dit is ook hoekom gelowiges nog kan kinders hê. Ons God is almagtig en Hy regeer alles sodat dit ons kan dien en ons ons God kan dien. Hierdie almagtige God het deur Jesus Christus ons Vader geword, want Hy het ons aangeneem as sy kinders.

**Welgeluksalig is die nasie wie se God die HERE is, die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het (Psalm 33:12 AFR53).**

Watter omstandighede die Here ook al oor ons beskik, ons is veilig en geborge.

Wanneer ons hierdie troos beleef, geliefdes, kom ons ook agter hoekom so baie mense rondom ons in ongemak en onvrede verkeer. As jy oortuig is dat alles wat gesien kan word per ongeluk ontstaan het, vrees jy vir die volgende ongeluk wat kan gebeur. Dank die Here dat Hy aan ons die geloof gegee om Hom te vertrou, want deur die vertroude werk Hy in ons die rustige kalmte en troos. Maar laat ons nooit tevrede wees oor die onrus wat die ongelowiges nog beleef nie. Kom ons bely en verkondig aanhoudend dat ons God die almagtige Skepper is van hemel en aarde en ter wille van

Jesus Christus wil Hy mense se Vader wees.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 33:5, 6 (p. 159)

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.  
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.  
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.  
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.  
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.  
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
7 Oktober 2012